



NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP MAANDAG, 31 MAART 2025 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

RAADSLEDE:

Bess, D G (DA)	Penxa, B J (ANC)
Booyesen, A M (VF+)	Pieters, C (ANC)
Fortuin, C (ANC)	Pypers, D C (DA)
Gaika, M F (EFF)	Smit, N (DA)
Jooste, R J (DA)	Soldaka, P E (ANC)
Le Minnie I S (DA)	Van Essen, T (DA)
Nel, M (DA)	Vermeulen, G (VF+)
Ngozi, M (ANC)	Warnick, A K (DA)
O'Kennedy, E C (DA)	Williams, A M (DA)
Papier, J R (GOOD)	

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T J Möller
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Senior Bestuurder: Publieke Dienste en Projekbestuur, mnr J Spies
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, raadsdames, raadshere, raadslede en amptenare

Rdl A K Warnick open die vergadering met gebed op uitnodiging van die Speaker.

Die Speaker dra sy gelukwensing oor aan raadslede wat hul verjaarsdag die afgelope tyd herdenk het.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl G E White.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

Geen.

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1/...

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP 30 JANUARIE 2025

BESLUIT

(op voorstel van rdl E C O'Kennedy, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 30 Januarie 2025 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP 19 FEBRUARIE 2025

BESLUIT

(op voorstel van rdl E C O'Kennedy, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die notule van 'n Spesiale Raadsvergadering gehou op 19 Februarie 2025 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 11 DESEMBER 2024

5.2 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 22 JANUARIE 2025

5.3 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE HOU OP 19 FEBRUARIE 2025
saamgelees met

NOTULES VAN PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERINGS GEHOU OP 12 FEBRUARIE 2025

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

6.1 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 13 JANUARIE 2025

6.2 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 29 JANUARIE 2025

6.3 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 18 FEBRUARIE 2025

6.4 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 26 FEBRUARIE 2025

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

8. SAKE VIR BESPREKING

8.1 AANVAARDING VAN OORSIGVERSLAG OP 2023/2024 JAARVERSLAG (7/1/1/1)

Die konsep Jaarverslag vir die 2023/2024 finansiële jaar is ingevolge artikel 127 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 op 30 Januarie 2025 aan die Raad voorgelê,

waarna die jaarverslag vir kommentaar deur die publiek en betrokke staatsorgane ter insae beskikbaar gestel is.

Die Munisipale Publieke Verantwoordbaarheidskomitee, onder voorsitterskap van rdl E C O'Kennedy, het op 6 Maart 2025 vergader om die kommentaar ontvang op die konsep jaarverslag te oorweeg vir die opstel van die 2023/2024 Oorsigverslag.

Die 2023/2024 Oorsigverslag, ter aanvaarding van die finale jaarverslag word deur die Speaker tot stemming gebring en EENPARIG beslis (in die afwesigheid van een raadslid).

BESLUIT

(op voorstel van rdd J M de Beer, gesekondeer deur rdh J H Cleophas)

- (a) Dat die Raad, gegewe hy die 2023/2024 Jaarverslag van Munisipaliteit Swartland oorweeg het, die Oorsigverslag aanvaar in terme van artikel 129 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (MFMA);
- (b) Dat die 2023/2024 Jaarverslag van Munisipaliteit Swartland goedgekeur word sonder voorbehoud, in terme van artikel 129 van die MFMA;
- (c) Dat die notules van vergaderings waar die Jaarverslag bespreek is in die teenwoordigheid van die rekenpligtige beamppte (Munisipale Bestuurder), aan die Ouditeur-Generaal, die Provinsiale Tesourie en die Wes-Kaapse Departement van Plaaslike Regering voorgelê word as aanhangsels tot die Oorsigverslag, in terme van artikel 129(2) van die MFMA;
- (d) Dat die 2023/2024 Oorsigverslag van Munisipaliteit Swartland openbaar gemaak word in terme van artikel 129(3) van die MFMA en aan die Wes-Kaapse Wetgewer voorgelê word in terme van artikel 132(2) van die MFMA;
- (e) Dat, met die aanvaarding van die Oorsigverslag, die betaling van prestasiebonusse aan die Munisipale Bestuurder en Direkteure ingevolge paragraaf 3.1.2 van die Oorsigverslag deur die Raad goedgekeur word.

8.2 GOEDKEURING VAN DIE 2024/2025 SPESIALE AANSUIWERINGSKAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTING (5/1/1/1, 5/1/1/2 – 2024.25)

Artikel 28 van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) bepaal die omstandighede vir die oorweging van 'n aansuiweringsbegroting.

Die spesiale aansuiwering van die 2024/2025 begrotings is hoofsaaklik te weeg gebring deur die toelaag, ten bedrae van R9 241 000, wat ontvang is vanaf die Departement van Samewerkende Regering vir die skade aan infrastruktuur in Riverlands en Chatsworth wat deur die vloedramp veroorsaak is.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en die goedkeuring van die Spesiale Aansuiweringbedryfsbegroting word beslis (in die afwesigheid van een raadslid) met 16 raadslede ten gunste daarvan en die res van die raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat kennis geneem word dat die Begrotingsbeheerkomitee vergader het om die verduidelikings en motivering van die finansiële en ingenieurspersoneel te oorweeg in 'n poging om die Uitvoerende Burgemeester te adviseer insake die pad vorentoe;
- (b) Dat die volgende totale uitgawes per departement (per direktoraat) goedgekeur word, wat insluit beide bedryfs- en kapitale uitgawes per direktoraat, ten einde departemente in staat te stel om pro-aktief ongemagtigde uitgawes te voorkom;

Budget Year 2024/25 R thousands	Capital Expenditure by Vote				Operating Expenditure by Vote				Total Expenditure by Vote			
	Original Budget	Prior Adj Budget	Total Adjusts.	Adjusted Budget	Original Budget	Prior Adj Budget	Total Adjusts.	Adjusted Budget	Original Budget	Prior Adj Budget	Total Adjusts.	Adjusted Budget
Vote 1 - Corporate Services	778	478	-	478	46 746	47 664	-	47 664	47 524	48 142	-	48 142
Vote 2 - Civil Services	127 036	94 369	17 779	112 148	393 895	417 444	702	418 145	520 930	511 813	18 481	530 294
Vote 3 - Council	1 278	1 287	-	1 287	26 049	25 374	-	25 374	27 327	26 660	-	26 660
Vote 4 - Electricity Services	68 971	41 961	-	41 961	458 585	475 934	(52)	475 882	527 556	517 895	(52)	517 843
Vote 5 - Financial Services	698	568	-	568	81 680	79 301	(969)	78 332	82 378	79 869	(969)	78 900
Vote 6 - Development Services	174 824	166 212	-	166 212	51 379	41 940	-	41 940	226 203	208 152	-	208 152
Vote 7 - Municipal Manager	12	100	-	100	10 030	9 985	41	10 025	10 042	10 085	41	10 125
Vote 8 - Protection Services	2 882	3 055	-	3 055	120 682	113 330	278	113 608	123 564	116 385	278	116 663
Grand Total	376 478	308 030	17 779	325 809	1 189 046	1 210 971	-	1 210 971	1 565 523	1 519 000	17 779	1 536 780

- (c) Dat goedkeuring verleen word om die 2024/2025 kapitaalprojekte te wysig as deel van die gekonsolideerde kapitaalprogram goedkeur soos gelys in **(Annexure A-1: Adjusted 2024/25 Capital Budget)** met geen wysigings aan die buite jare nie;
- (d) Dat die Raad die gewysigde befondsingsbronne oorweeg wat verband hou met die raad se kapitaalprogram en daarop let dat die befondsingsbronne beskikbaar is en nie vir ander doeleindes geormerk is nie;

FINANCING SOURCES	Original Budget 2024/25	Mid-Year Adj Budget 2024/25	Special Adj Budget 2024/25	Increase / (Decrease)
Capital Replacement Reserve (CRR)	93 535 241	71 023 189	79 561 559	8 538 370
External Loan	36 950 588	-	-	-
Municipal Infrastructure Grant (MIG)	29 332 000	29 302 000	29 302 000	-
Dept. Human Settlements (DHS)	174 289 166	165 670 203	165 670 203	-
Integrated National Electrification Programme (INEP)	22 818 000	22 401 642	22 401 642	-
Western Cape Education Department (PRIVATE FUNDING)	19 033 109	19 033 109	19 033 109	-
Municipal Disaster Response Grant (MDRG)	-	-	9 241 000	9 241 000
Dept. Cultural Affairs and Sport	484 783	484 783	484 783	-
Community Safety Grant	34 783	34 783	34 783	-
Donations	-	80 000	80 000	-
GRAND TOTAL	376 477 670	308 029 709	325 809 079	17 779 370

- (e) Dat goedkeuring verleen word om die hoë-vlak kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2024/2025 as volg te wysig **(Annexure A)**, met geen wysigings aan die buite jare nie:

	Oorspronklike Begroting 2024/25	Half-Jaar Aansuiwerings begroting 2024/25	Spesiale Aansuiwerings begroting 2024/25	Aanpassings	Oorspronklike Begroting 2025/26	Oorspronklike Begroting 2026/27
Kapitaalbegroting	376 477 670	308 029 709	325 809 079	17 779 370	216 639 861	197 984 897
Bedryfsuitgawes	1 189 045 717	1 210 970 777	1 210 970 777	-	1 434 463 775	1 584 420 812
Bedryfsinkomste	1 458 996 894	1 475 819 204	1 485 060 204	9 241 000	1 535 862 828	1 666 597 277
Begrote (Surplus)/ Tekort	(269 951 177)	(264 848 427)	(274 089 427)	(9 241 000)	(101 399 053)	(82 176 465)
Minus: Kapitaal Toekennings en Donasies	246 062 275	238 036 010	247 277 010	9 241 000	97 963 000	81 093 000
(Surplus)/ Tekort	(23 888 902)	(26 812 417)	(26 812 417)	-	(3 436 053)	(1 083 465)

8.2/...

- (f) Dat kennis geneem word dat die veranderinge in die bedryfsbegroting geen impak op tariewe het ten opsigte van die 2024/2025 finansiële jaar of verder nie en dat die begrote netto surplus van R26 812 417 onveranderd bly;
- (g) Dat kennis geneem word dat die standaard BTW-koers met 0.5 persentasiepunte sal verhoog met ingang van 1 Mei 2025, soos bepaal deur die Minister se Begrotingsrede op 12 Maart 2025 en NT Omsendskrywe Nr.130;
- (h) Dat die aangepaste begrotingskedules (B1 tot B10) soos vereis deur die Begroting en Verslagdoening Regulasies goedgekeur word soos vervat in **(Annexure C: Budget Report and B-Schedules 2024/25 – 2026/27)**;
- (i) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en -formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;
- (j) Dat die Diensleweringp en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) toepaslik dienoreenkomstig gewysig word.

8.3 2025 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) (2/1/4/4/1)

Die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) is die Munisipaliteit se hoof strategiese plan wat handel met die mees kritieke ontwikkelingsbehoefte van die munisipale area (eksterne fokus) sowel as die mees kritieke bestuursbehoefte van die organisasie (interne fokus).

Die verslag tot die sakelys bevat die wetgewende vereistes vir die wysiging van die GOP, onder andere dat die tertafellegging van die jaarlikse begroting, vergesel moet wees van, onder andere, enige voorgestelde wysigings aan die GOP na die jaarlikse hersiening daarvan ingevolge Artikel 34 van die Munisipale Stelselwet.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word beslis (in die afwesigheid van een raadslid) met 16 raadslede ten gunste van die konsep 2025 GOP vir doeleinde van publieke deelname en die res van die raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat die Raad kennis neem van die wysiging van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) asook die hersiening van die areaplanne wat ter tafel gelê is in terme van artikel 17(3) van die MFMA; en
- (b) Dat, alhoewel die Raad nie MFMA Omsendskrywe 88 goedkeur nie, Swartland Munisipaliteit deel sal neem aan die 2025/2026 DCoG loodsprojek ten opsigte van die indikatore wat deel vorm van die loodsprojek;
- (c) Dat die DCoG indikatore nie in die bestaande indikator tabelle in die GOP geïnkorporeer word nie, maar ingesluit word as 'n aanhangsel tot die GOP; en
- (d) Dat 'n verdere konsultasie- en verfyningsproses gedurende April 2025 gevolg sal word.

8.4 TERTAFELLEGGING VAN DIE KONSEP MEERJARIGE KAPITAAL- EN BEDRYFS-BEGROTINGS, GEWYSIGDE BEGROTING- EN VERWANTE BELEIDE, EIENDOMSBELASTING, TARIEWE EN ANDER HEFFINGS VIR 2025/2026, 2026/2027 EN 2027/2028 VIR DOELEINDE VAN DIE PUBLIEKE DEELNAME PROSES (5/1/1/1, 5/1/1/2 – 2025.26, 5/1/4)

Die Uitvoerende Burgemeester lê die konsep Kapitaal- en Bedryfsbegrotings vir die 2025/2026, 2026/2027 en 2027/2028 finansiële jare ingevolge Artikel 16(2) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) (MFMA) ter tafel, soos oorweeg tydens die vergadering van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gehou op 25 Maart 2025.

8.4/...

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word beslis (in die afwesigheid van een raadslid) met 15 raadslede ten gunste van die konsep begroting vir doeleindes van publieke deelname en die res van die raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT [Nota: vir die volledigheid en implementering sal daar op die Engelse weergawe van die aanbevelings staat gemaak word.]

(op voorstel van rdh J H Cleophas, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat die Raad kennis neem dat weens die laat voorlegging van die Provinsiale Begroting en laat kommunikasie van die Provinsiale Koerant, die 2025/26 MTREF toekennings eers in die finale begroting in Mei geakkommodeer kan word – toekennings is slegs 'n aanduiding op hierdie stadium;
- (b) Dat die Raad kennis neem dat die koste soos beoog deur Artikel 19 (2)(a)(b) verkry is na konsultasie met die onderskeie direkteur(e) wie die koste bevestig het soos per **(Annexure A: 2025/2026 – 2027/2028 Draft Budget and Tariff File)** en oorweeg dieselfde;
- (c) Dat die Raad voor die goedkeuring van die kapitaalprojekte bo R50 miljoen soos gelys in **(Annexure B: 2025/2026 – 2027/2028 Capital Projects ito Sec 19)**, eers die geprojekteerde koste wat alle finansiële jare dek totdat die projek in werking is, en die toekomstige bedryfskoste en inkomste op die projek, met inbegrip van belasting- en tarief-implikasies oorweeg;
- (d) Dat die Raad dit toepaslik geag het om die totale kapitaalprogram te oorweeg, uitgesluit die 4 individuele projekte bo R50 miljoen aangesien die voorgenoemde kapitaalprogram se operasionele koste, insluitend die toekomstige koste wat gedek sal word deur belasting en die normale kostesentrums soos in die bedryfsbegroting;
- (e) Dat die Raad die befondsingsbronne oorweeg wat verband hou met die raad se kapitaalprogram en daarop let dat die befondsingsbronne beskikbaar is en nie vir ander doeleindes geoormerk is nie;

FINANCING SOURCES	DRAFT BUDGET 2025/26	DRAFT BUDGET 2026/27	DRAFT BUDGET 2027/28
Capital Replacement Reserve (CRR)	R 128 411 923	R 138 083 611	R 156 818 041
External Loans	R 40 000 000	R -	R -
Municipal Infrastructure Grant (MIG)	R 25 405 000	R 27 293 000	R 28 388 000
Dept. of Infrastructure	R 50 294 362	R 33 735 985	R 52 476 713
Integrated National Electrification Programme (INEP)	R 17 821 124	R 20 868 000	R 21 811 000
Water Services Infrastructure Grant	R 17 044 000	R -	R -
Dept. Cultural Affairs and Sport	R 43 478	R 43 478	R -
GRAND TOTAL	R 279 019 887	R 220 024 074	R 259 493 754

- (f) Dat die Raad die kapitaalprojekte as deel van die gekonsolideerde kapitaalprogram goedkeur soos per **(Annexure A: 2025/2026 – 2027/2028 Draft Budget and Tariff File)**;
- (g) Dat die Raad goedkeuring verleen vir die opneem van 'n eksterne lening tot 'n bedrag van ±R30.7 miljoen vir die 2025/26 MTREF, vir die gedeeltelike finansiering van die 132/11kV Eskom Schoonspruit Substasie, deur die mark te toets by wyse van die inwin van tenders vanaf die finansiële instellings soos beoog in artikel 46 van die MFMA en dat die R9.3 miljoen finansieringsbron vir die Highlands stortingsterrein verander na CRR;

8.4/...

- (h) Dat die volgende totale uitgawes per departement (per direktoraat) goedgekeur word, wat insluit beide bedryfs- en kapitale uitgawes per direktoraat, ten einde departemente in staat te stel om pro-aktief ongemagtigde uitgawes te voorkom;

Budget Year 2024/25 R thousands	Capital Expenditure by Vote			Operating Expenditure by Vote			Total Expenditure by Vote		
	2025/26	2026/27	2027/28	2025/26	2026/27	2027/28	2025/26	2026/27	2027/28
Vote 1 - Corporate Services	573	575	534	49 311	52 396	55 729	49 885	52 971	56 263
Vote 2 - Civil Services	137 586	116 213	145 139	417 140	448 726	476 306	554 727	564 939	621 445
Vote 3 - Council	12	12	12	25 476	26 510	27 573	25 488	26 522	27 585
Vote 4 - Electricity Services	88 166	62 174	59 942	558 289	595 017	637 151	646 455	657 191	697 093
Vote 5 - Financial Services	168	76	672	84 757	91 101	97 495	84 925	91 177	98 166
Vote 6 - Development Services	51 180	39 826	52 571	176 471	209 586	49 871	227 651	249 412	102 442
Vote 7 - Municipal Manager	12	12	12	11 289	11 911	12 679	11 301	11 923	12 691
Vote 8 - Protection Services	1 322	1 136	612	124 242	130 961	138 152	125 564	132 097	138 764
Grand Total	279 020	220 024	259 494	1 446 976	1 566 208	1 494 955	1 725 996	1 786 232	1 754 448

- (i) Dat die konsep hoë-vlak meerjarige Kapitaal- en Bedryfsbegrotings ten opsigte van die **2025/2026 – 2027/2028** finansiële jare goedgekeur word as konsep, in ooreenstemming met artikel 16, 17 en 19 van die MFMA om publieke deelname toe te laat;

	Oorspronklike Begroting 2024/25	Aansuiwerings begroting 2024/25	Konsep Begroting 2025/26	Konsep Begroting 2026/27	Konsep Begroting 2027/28
Kapitaalebegroting	376 477 670	308 029 709	279 019 887	220 024 074	259 493 754
Bedryfsuitgawes	1 189 045 717	1 210 970 777	1 446 976 385	1 566 208 166	1 494 954 545
Bedryfsinkomste	1 458 996 894	1 475 819 204	1 586 838 910	1 664 780 877	1 598 962 787
Begrote (Surplus)/ Tekort	(269 951 177)	(264 848 427)	(139 862 525)	(98 572 711)	(104 008 243)
Minus: Kapitaal Toekennings & Donasies	246 062 275	238 036 010	110 607 964	81 940 463	102 675 713
(Surplus)/ Tekort	(23 888 902)	(26 812 417)	(29 254 561)	(16 632 248)	(1 332 530)

- (j) Dat daar inbeginsel goedkeuring verleen word vir die kennisgewing ingevolge artikel 14(1) en (2) van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 ten opsigte van die heffing van konsep eiendomsbelastingkoerse, vrystellings en afslag op eiendomme soos gespesifiseer in die onderstaande skedule en in die eiendomsbelastingbeleid vir die 2025/2026 finansiële jaar, vir doeleindes van die publieke deelnameproses;

Category of property	Rate ratio	(c/R) rate determined for the relevant property category
Residential properties	1: 1	0,5623
Business and Commercial properties	1: 1,6672	0,9374
Industrial properties	1: 1,6672	0,9374
Agricultural properties	1: 0,25	0,1406
Mining properties	1: 1,6672	0,9374
Public Service Infrastructure	1: 0,25	0,1406
Properties owned by an organ of state and used for public service purposes	1: 1,6672	0,9374
Public Benefit Organisations	1: 0	0,0000
Vacant properties	1: 1,4966	0,8415

Category of property	Rate ratio	(c/R) rate determined for the relevant property category
Municipal properties	1: 0	0,0000
Conservation Areas	1: 0	0,0000
Protected Areas	1: 0	0,0000
National Monuments	1: 0	0,0000
Informal Settlements	1: 0	0,0000

Exemptions and Reductions

- **Residential Properties:** For all residential properties, the municipality will not levy a rate on the first R15 000 of the property's market value. The R15 000 is the statutory impermissible rate as per section 17(1)(h) of the Municipal Property Rates Act.

Rebates in respect of a category of owners of property are as follows:

- **Indigent owners:** 100 per cent rebate will be granted to registered indigents in terms of the Indigent Policy to a maximum valuation of R105 000;
- **Qualifying senior citizens and disabled persons:** A rebate to an amount equal to the rates payable on the first amount of the valuation of such property to a limit of R300 000.

NB: Please refer to the municipality's property rates policy in respect of all rebates offered.

- (k) Dat die Raad die konsep tariefstrukture en heffings vir water, vullisverwydering, riool en ander diverse heffings soos uiteengesit in **(Annexure A: 2025/2026 – 2027/2028 Draft Budget and Tariff File)** goedkeur met die doel om publieke deelname toe te laat;
- (l) Dat die Raad die voorgestelde elektrisiteitstariewe as konsep goedkeur vir die 2025/2026 finansiële jaar, **met inagneming dat dit onderhewig is aan finale goedkeuring deur NERSA;**
- (m) Dat die infasering van die herstruktureerde elektrisiteitstariewe, soos per die koste van voorsieningstudie, beplan word vir implementering in 2026/27;
- (n) Dat die jaarlikse begrotingstabelle soos vereis deur die Begrotings- en Rapporteringsregulasies en uiteengesit is in **(Annexure C: Budget Report and A-Schedules 2025/2026 – 2027/2028)** goedgekeur word;
- (o) Dat die **wysigings** aan die begrotings- en verwante beleide soos vervat in **(Annexure D: Draft Amendments to Budget & Related Policies 2025/2026)**, goedgekeur word met die doel vir die publiek se menings en kommentaar;
- (p) Dat die wysigings aan die Raad se Voorsieningkanaalbestuursbeleid, die Voorkeurverkrygingsbeleid en Befondsing en Reserwes beleid goedgekeur word met ingang van 1 April 2025;
- (q) Dat die opleidingsbegroting van R1 782 533 vir die 2025/2026 finansiële jaar as konsep goedgekeur word;
- (r) Dat die Raad kennis neem dat die verhogings vir die Direkteure kontraktueel gekoppel is aan die ander personeel wat op nasionale vlak onderhandel en bepaal word:
 - Ten opsigte van alle personeel, 'n verhoging van **5.75%** vir 2025/2026; **5.25%** vir die 2026/2027 en **5.75%** vir 2027/2028 finansiële jare, uitgesluit die toename in ander voordele wat van toepassing is en die jaarlikse 2,415% kerfverhoging waar van toepassing;
 - Daar is voldoende begroot vir alle salarisaanpassings;

8.4(r)/...

- Voorsiening is gemaak vir 'n **3%** verhoging vir politieke ampsbekleërs wat val binne die middelband van die inflasietekens soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB).
- (s) Dat die Raad kennis neem van die begrote bedryfssurplusse en dat die begroting “kontant gefinansier” word as gevolg van die kontantreserwes in tabel A8, die totale groei in uitgawes van **19.5%** vanaf die huidige na die nuwe finansiële jaar en die inkomstebronne met 'n groei in inkomste van **7.5% (19.3% kapitale toekennings uitgesluit)** vir die MTREF periode, sowel as die kontantvloei-staat soos per **(A-schedule: A7)** vir die volgende drie finansiële jare;
- die risikofaktor vir kontantdekking vir bedryfsuitgawes is **9.6 maande** vir 2025/26, **9.2 maande** vir 2026/27 en **10.1 maande** vir 2027/28;
 - oor die volgende drie finansiële jare is die beplanning van so 'n aard dat netto bedryfsurplusse verwag word vir 2025/26, 'n bedrag van **R 29 254 561**, vir 2026/27 'n bedrag van **R 16 632 248** en vir 2027/28 'n bedrag van **R 1 332 530 (kapitale toekennings uitgesluit)**, wat vër **onder die NT** riglyn is van minstens 'n **7.5% surplus**.
- (t) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie en dat **MFMA Omsendskrywe Nr.130 met die Finale begroting in Mei 2025 volledig geïnkorporeer sal word aangesien dit eers op 20 Maart 2025 gepubliseer was**;
- (u) Dat die Raad spesifiek aan die vereistes voldoen van die inhoudelike van die Provinsiale- en Nasionale Tesourie se Begroting-Omsendbriewe soos aangeheg in “**Annexure E: Budget Circulars**”;
- (v) Dat die Raad kennis neem dat die begroting opgestel is in die nuwe mSCOA Weergawe 6.9 soos vereis deur Nasionale Tesourie;
- (w) Dat die Raad kennis neem dat die omvattende inkomstemodelleringsoefening 'n proporsie insluit vir groei, gegewe die tendens van verhoogde huishoudelike verbruik en groei in dienste aansluitings;
- (x) Dat die proses van publieke insette, of kommentaar op die konsep begroting, **hersiende** begroting en verwante beleide en begrotingsdokumente, belasting koerse op eiendomme en tariewe, teen 12 voormiddag op **30 April 2025** sluit.

8.5 KONSEP 2025/2026 DIENSLEWERING- EN BEGROTINGIMPLEMENTERINGS-PLAN (2/4/2)

Die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) definieer die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) as 'n gedetailleerde plan wat deur die burgemeester van 'n munisipaliteit ingevolge Artikel 53(1)(c)(ii) van die MFMA goedgekeur word vir implementering van die munisipaliteit se lewering van dienste en van sy jaarlikse begroting.

Die doel van die SDBIP is om die munisipale bestuur te ondersteun om diensleweringstekens, sowel as die spandering van die kapitaalbegroting binne gegewe tydsraamwerke te bereik.

Die konsep 2025/2026 Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan is op 25 Maart 2025 deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee oorweeg vir aanbeveling aan die Raad.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word beslis (in die afwesigheid van een raadslid) met 14 raadslede ten gunste daarvan en die res van die raadslede wat buite stemming bly.

Besluit/...

8.5/...

BESLUIT

(op voorstel van rdh J H Cleophas, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat die Raad kennis neem van die aangehegte konsep 2025/2026 Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) wat in terme van regulasie 14 van die Munisipale Begroting en Rapportering Regulasies ter tafel gelê word;
- (b) Dat die SDBIP in terme van regulasie 15 van die Munisipale Begroting en Rapportering Regulasies aan Nasionale Tesourie en Provinsiale Tesourie voorgelê word.

8.6 VOORLEGGING VAN KONSEP TARIEFVERORDENING (1/1)

Die konsep Tariefverordening het ten doel van die bestaande verordening soos afgekondig in Buitegewone Provinsiale Koerant (PK 7402 gedateer 12 Junie 2015) te vervang.

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het die konsep Tariefverordening op 25 Maart 2025 oorweeg vir aanbeveling aan die Raad.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word beslis (in die afwesigheid van een raadslid) met 14 raadslede ten gunste daarvan en die res van die raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat in beginsel goedkeuring verleen word dat die volgende konsepverordening aanvaar word vir implementering met ingang vanaf 1 Julie 2025:
 - Swartland Munisipaliteit: Tariefverordening
- (b) Dat die konsep verordening vir publieke kommentaar geadverteer word in terme van Artikel 12(3)(b) van die Stelselwet, 2000, in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste.

8.7 VASSTELLING VAN ONTWIKKELINGSBYDRAES VIR 2025/2026 (15/1/B)

Die ontwikkelingsbydraes word jaarliks hersien en het ten doel om so akkuraat as moontlik die pro rata gedeelte van die werklike kapitaalkoste van grootmaat-infrastruktuur te bepaal wat nodig is om 'n betrokke ontwikkeling van dienste te voorsien.

Daar word jaarliks 'n afslag op die ontwikkelingsbydraes oorweeg om as aansporing te dien vir ontwikkelaars op in die Swartland munisipale area te belê. Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 25 Maart 2025 die voorgestelde bydraes oorweeg en voorgestel dat die afslag van 55% vir die 2025/2026 finansiële jaar onveranderd bly.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word (in die afwesigheid van een raadslid) EENPARIG beslis –

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat die aangehegte ontwikkelingbydraes vir die 2025/2026 finansiële jaar in beginsel goedgekeur en in die tariewelêer opgeneem word vir doeleindes van die publieke deelname proses:
 - Greenfields"-ontwikkelingbydraes vir grootmaat elektrisiteit (Bylae "A")
 - "Brownfields"-ontwikkelingbydraes vir elektrisiteit (Bylae "B")
 - Ontwikkelingbydraes water (Bylae "C")
 - Ontwikkelingsbydraes vir riool (Bylae "D")
 - Ontwikkelingsbydraes vir paaie (Bylae "E");

(b)/...

8.7/...

- (b) Dat 'n korting van 55% op genoemde ontwikkelingbydraes ten opsigte van die 2025/2026 finansiële jaar toegestaan word as aansporing om ontwikkeling te bevorder en beleggers te lok;
- (c) Dat ontwikkelaars 'n ooreenkoms met die Munisipaliteit aangaan met betrekking tot die betaling van ontwikkelingbydraes ingevolge die bestaande beleide;
- (d) Dat die werklike koste van ontwikkelingsbydraes sal op alle ontwikkelings van toepassing wees, soos bepaal en bereken deur die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste en die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste.

8.8 KONTRAKTE MET TOEKOMSTIGE BEGROTINGIMPLIKASIES: SLUITING VAN OOREENKOMS WESKUS DISTRIKMUNISIPALITEIT / SWARTLAND MUNISIPALITEIT EN ANDER: LEWERING VAN WATER KONSESSIE FUNKSIE (16/1/1/B)

Die verslag tot die sakelys bevat die historiese agtergrond tot die aanwys van die B-munisipaliteite as Waterdienste Owerhede en -Verskaffers wat aanleiding gegee het tot 'n ooreenkoms met die Weskus Distriksmunisipaliteit om grootmaatwaterdienste aan die betrokke B-munisipaliteit te voorsien. Die diensleweringsooreenkoms verstryk op 30 Junie 2025.

Die deelnemende munisipaliteite is van voorneme om 'n langtermyn kontrak vir die Lewering van 'n Water Konsessie Funksie met die Weskus Distriksmunisipaliteit aan te gaan en is dit nodig om die Artikel 33-proses ingevolge die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) te deurloop.

BESLUIT

(op voorstel van rdl R Jooste, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat die voorgestelde langtermyn kontrak vir die periode 1 Julie 2025 tot 30 Junie 2035 in beginsel goedgekeur word;
- (b) Dat die sienings en aanbevelings van die Provinsiale Tesourie, Nasionale Tesourie en Nasionale Departement van Plaaslike Regering ingewin word ingevolge Artikel 33(1)(b)(iv) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur;
- (c) Dat kommentaar of verhoë ten opsigte van die voorgenome ooreenkoms ingewin word van die plaaslike gemeenskap en ander belangstellende persone ingevolge Artikel 33(1)(b)(iii) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur;
- (d) Dat inligting en ontvangde voorleggings in die Raad ter tafel gelê word ingevolge Artikel 33(1)(a) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur.

8.9 GOEDKEURING VAN DIE ORGANISATORIESE STRUKTUUR MET IN AG NEMING VAN WYSIGINGS AAN KORPORATIEWE DIENSTE EN -BESKERMINGSDIENSTE (4/1/1/2/1)

Artikel 66 van die Munisipale Stelsels Wysigingswet, 2011 bepaal dat die organisatoriese struktuur deur die Munisipale Bestuurder goedgekeur moet word.

Die voorgestelde wysigings aan die struktuur van die Direktoraat Korporatiewe Dienste en Direktoraat Beskermingsdienste, soos breedvoerig toegelig in die verslag, is deur die vakbonde oorweeg en goedgekeur op 20 Februarie 2025. Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het die voorgestelde wysigings op 25 Maart 2025 oorweeg vir aanbeveling aan die Raad.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat die Raad kennis neem dat die wysigings aanbeveel is deur die Plaaslike Arbeidsforumvergadering gehou op 20 Februarie 2025;

8.9/...

- (b) Dat die Raad die wysigings aan die organisatoriese struktuur vir die direktoraat Korporatiewe Dienste goedkeur vir implementering met ingang van 1 Julie 2025;
- (c) Dat die Raad die wysigings aan die organisatoriese struktuur vir die direktoraat Beskermingsdienste goedkeur vir implementering met ingang van 1 April 2025.

8.10 VOORGESTELDE UIT-DIE-HAND VERVREEMDING VAN MUNISIPALE ONROERENDE EIENDOMME: ERWE 2730 EN 2731, MALMESBURY (12/2/5/2-8/5)

'n Aansoek is ontvang vanaf *The Haven Night Shelter Utility Company* vir die aankoop van twee munisipale eiendomme in Varingstraat, Malmesbury.

Die aansoeker is begerig om die twee eiendomme te bekom om die langtermyn volhoubaarheid en verdere ontwikkeling van die nagskuiling en dienste aan die kwesbare lede van die gemeenskap te verseker en uit te brei.

BESLUIT

(op voorstel van rdd J M de Beer, gesekondeer deur rdl E C O'Kennedy)

- (a) Dat, in terme van Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet Nr. 56 van 2003) die Raad bevestig en besluit dat:
 - (i) Die onderwerp eiendomme nie benodig word vir die verskaffing van 'n minimum vlak van basiese munisipale dienste nie;
 - (ii) Die billike markwaarde van die bates en die ekonomiese en gemeenskapswaarde wat ontvang staan te word, oorweeg is;
- (b) Dat goedkeuring deur die Raad verleen word in terme van die toepaslike Verordening sowel as Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 vir die uit-die-hand vervreemding van die volgende eiendomme aan *The Haven Night Shelter* (PBO 130002172 / NPO 002-831), teen die bedrae soos aangetoon:
 - (i) Erf 2730, Malmesbury (4645 m² groot): R255 000.00 (BTW uitgesluit)
 - (ii) Erf 2731, Malmesbury (4601 m² groot): R253 000.00 (BTW uitgesluit)
- (c) Dat die voorgenome transaksies in die media geadverteer word vir publieke kommentaar en/of potensiële besware, en die Uitvoerende Burgemeester (in konsultasie met sy komitee) gemagtig word om te handel met enige besware wat ontvang mag word;
- (d) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste volmag verleen word om die terme en voorwaardes van verkoop te finaliseer, ingesluit maar nie beperk nie tot die volgende:
 - (i) Dat die onderwerp eiendomme slegs gebruik mag word vir doeleindes van 'n nagskuiling en verwante aktiwiteite, binne die parameters van Gemeenskapsone 3;
 - (ii) Dat die koper verantwoordelik sal wees vir alle kostes verwant of bykomend tot hierdie transaksie, ingesluit advertensiekostes en oordragfooie;
 - (iii) Dat die proses ter verkryging van die vereiste grondgebruiks-/ontwikkelingsregte deur en op koste van die koper ten opsigte van Erf 2731 onderneem word;
 - (iv) Dat die koper ook toesien tot die konsolidasie van die twee onderwerp eiendomme, op sy koste;
 - (v) Dat 'n terugvalklousule teen die titel van die gekonsolideerde eiendom geregistreer word vir die eiendom om aan die Raad terug te val teen geen koste nie en vry van enige eise, indien die koper sou wil verkoop, of versuim om die eiendom of 'n gedeelte daarvan te gebruik vir doeleindes van 'n nagskuiling en verwante aktiwiteite, of sou versuim om die eiendomme binne 'n redelike tyd te ontwikkel;

(e)/...

8.10/...

- (e) Dat die volgende redes geboekstaaf word vir die uit-die-hand vervreemding van die onderwerp eiendomme soos voormeld, sonder om 'n mededingende proses te deurloop, met verwysing na paragrawe 13.1.1 en 13.1.3 van die Munisipale Bate Oordrag Beleid:
- (i) *The Haven Night Shelter* as nie-winsgewende instelling – deur die suksesvolle bedryf sedert 2005 van 'n skuiling vir haweloses op Erf 2730, sowel as by verskeie ander sentrums in die Wes-Kaap – histories en genoegsaam bewys het dat die instelling oor die vermoë en finansiële kapasiteit beskik om 'n fasiliteit van hierdie aard te ontwikkel en volhoubaar te bedryf;
 - (ii) 'n Prioriteitsbehoefte in die gemeenskap bevredig sal word deur grond op hierdie wyse beskikbaar te stel, en die Raad as sulks beslag gee aan sy grondwetlike oogmerk om sosiale ontwikkeling en sosiale welsyn te bevorder.

8.11 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN MUNISIPALE ONROERENDE EIENDOM, ERF 11350 (GEDEELTE VAN ERF 2395), GELEË TE IRISSTRAAT, MALMESBURY (12/2/5/2-8/5)

Die Raad beskik oor munisipale eiendom, Erf 11350 (groot 299 m²), geleë te Irisstraat, Malmesbury vir vervreemding nadat die eiendom die Raad toegeval het met verstryking van die notariële ooreenkoms.

Daar word voorgestel om die eiendom voetstoots vir vervreemding beskikbaar te stel aan eerste huiseienaars, beperk tot natuurlike persone, by wyse van 'n openbare mededingende proses.

BESLUIT

(op voorstel van rdd J M de Beer, gesecondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat, ingevolge Artikel 14 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet (Wet 56 van 2003), die Raad bevestig en besluit:
- (i) Dat die onderwerp eiendom uit die staanspoor vir residensiële doeleindes geïdentifiseer is in terme van die sonering daarvan, en nie benodig word om die minimum vlak van basiese dienste te voorsien nie; en
 - (ii) Dat die billike markwaarde van die bate en die ekonomiese en gemeenskapswaarde wat vir die bate ontvang moet word, oorweeg is;
- (b) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen in terme van Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 en die toepaslike verordening dat finansiële aanbiedinge by wyse van openbare tender versoek word vir die vervreemding van Erf 11350 ('n Gedeelte van Erf 2395), ongeveer 299m² groot, geleë te Irisstraat, Malmesbury, onderworpe aan die standaard verkoopsvoorwaardes en die volgende voorwaardes:
- (i) Dat die bedrag van R309 000,00 (BTW uitgesluit) as reserweprys vasgestel word, as synde billike markwaarde vir die eiendom;
 - (ii) Dat die eiendom voetstoots vir vervreemding beskikbaar gestel word aan eerste huiseienaars, beperk tot natuurlike persone;
 - (iii) Dat die voorneme van die Raad om die eiendom by wyse van publieke mededinging te koop aan te bied, vir kommentaar en/of besware geadverteer word;
 - (iv) Dat volmag verleen word:
 - (aa) aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om:
 - te handel met enige kommentaar en/of beswaar wat in verband met die voorgenome transaksie ontvang word; en om
 - 'n besluit te finaliseer rakende die oordrag van die bate, nadat alle toepaslike Voorsieningskanaal- en ander wetlike voorskrifte gevolg is;

8.11(b)(iv)/...

(bb) aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die voorwaardes van verkoop vir tenderdoeleindes te finaliseer in oorlegpleging met al die tersaaklike interne rolspelers;

- (c) Dat goedkeuring verder verleen word dat indien bogemelde eiendom onverkoop bly na afloop van die betrokke mededingende proses, dit uit-die-hand-uit op 'n 'first come first served' basis verkoop mag word teen die reserweprys of hoër, mits die reserweprys ooreenstem met billike markwaarde (gebaseer op die munisipale waardasie van die eiendom op die stadium van vervreemding), en met dien verstande verder dat die Munisipaliteit sy voorneme om die eiendom vanaf 'n gegewe datum uit-die-hand-uit te verkoop, bekend sal maak.

8.12 VOORGESTELDE UIT-DIE-HAND VERVREEMDING VAN 'N GEDEELTE VAN ERF 1821, MALMESBURY (SPOORWEGRESERWE) AAN DIE AANGRENSENDE GRONDEIENAAR VAN ERF 12423 (12/2/5/2-3/2)

'n Aansoek is ontvang vanaf die aangrensende grondeienaar, JEF Plant & Hire BK, om 'n gedeelte van Erf 1821, Malmesbury te bekom vir doeleindes van parkering van swaarvoertuie. Lg. word verhuur aan maatskappye in die siviele bedryf en is daar nie meer kapasiteit op die bestaande eiendom vir uitbreiding nie.

Die betrokke gedeelte van Erf 1821 (groot 789.98 m²) kan weens sy ligging en toegang nie as 'n aparte eenheid ontwikkel word nie en word dit as sinvol beskou om dit aan die eienaar van Erf 12423 beskikbaar te stel.

BESLUIT

(op voorstel van rdd J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat, ingevolge Artikel 14 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet (Wet 56 van 2003) besluit die Raad:
- (i) Dat die onderwerp eiendom nie benodig word om die minimum vlak van basiese dienste te voorsien nie; en
- (ii) Dat die billike markwaarde van die bate en die ekonomiese en gemeenskapswaarde wat vir die bate ontvang moet word, oorweeg is;
- (b) Dat ingevolge die toepaslike verordening sowel as Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur deur die Raad verleen word vir die uit-die-hand vervreemding van 'n gedeelte van Erf 1821 Malmesbury, ongeveer 789.98m² groot, geleë in Schoonspruitweg aan die aangrensende grondeienaar van Erf 12423, Malmesbury, teen 'n verkoopprijs van R1000,00 (BTW uitgesluit) onderworpe aan die standaard verkoopsvoorwaardes asook die volgende verdere voorwaardes:
- (i) Dat die proses vir die verkryging van die toepaslike grondgebruiks-/ontwikkelingsregte (insluitend hersonering, onderverdeling en konsolidasie) deur en op koste van die koper onderneem sal word, met die inagneming dat alle ander kostes wat verband hou met die oordrag van die eiendom vir die koper se rekening sal wees;
- (ii) Dat die voorgestelde transaksie geadverteer word in die pers vir publieke insette en/of moontlike besware en dat die Uitvoerende Burgermeester (in konsultasie met sy komitee) magtiging sal hê om met enige moontlike besware te handel;
- (c) Dat die volgende redes genotuleer word vir die uit-die-hand vervreemding soos voormeld, sonder om 'n openbare mededingingsproses te deurloop met verwysing na paragraaf 12.1.1 van die Munisipale Bate Oordrag Beleid:
- (i) Die eiendom as 'nie-bestaande bate' kwalifiseer deurdat dit as gevolg van fisiese beperkings nie as 'n afsonderlike entiteit sinvol ontwikkel kan word binne die ontwikkelingsparameters van die huidige sonering nie, en dus slegs funksioneel raak indien dit vervreem word aan 'n aangrensende eienaar vir gebruik daarvan tesame met sy of haar eiendom, soos voorgestel;

8.12/...

- (ii) Oordrag van die eiendom aan 'n individu of entiteit die Munisipaliteit van sy onderhoudslas vrystel, asook die risiko beperk van potensiele grondbesetting of wanaanwending (bv. onwettige storting).

8.13 VOORGESTELDE UIT-DIE-HAND VERVREEMDING VAN ONGEREGISTREERDE ERF 1400 (GEDEELTE VAN RESTANT VAN ERF 551) AAN DIE DARLING TRUST VIR ONTWIKKELING VAN 'N VROEË KINDERONTWIKKELINGSENTRUM (12/2/5/2-3/2)

'n Aansoek is ontvang vanaf die Darling Trust vir die verkryging van ongeregistreerde Erf 1400 (groot 2520 m²), geleë in Fabriekstraat, Darling. Die betrokke erf is geleë aangrensend tot die Darling Swembad en Evita's Vroeëkinderonwikkelingsentrum wat gedurende 2009/2010 deur die Darling Trust op Erf 1399, Darling ontwikkel is.

Die Vroeëkinderonwikkelingsentrum word befonds deur die Darling Trust, *Swartland Solar Community Trust* en die Departement van Onderwys en bestaan uit twee klaskamers wat 64 leerders akkommodeer. Daar is 'n groot behoefte om die sentrum uit te brei weens die hoë aanvraag vanaf ouers om hulle kinders by die sentrum in te skryf.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat, ingevolge Artikel 14 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet (Wet 56 van 2003) die Raad besluit:
 - (i) Dat die onderwerp eiendom nie benodig word om die minimum vlak van basiese dienste te voorsien nie; en
 - (ii) Dat die billike markwaarde van die bate en die ekonomiese en gemeenskapswaarde wat vir die bate ontvang moet word, oorweeg is.
- (b) Dat ingevolge die toepaslike verordening sowel as Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur goedkeuring deur die Raad verleen word vir die vervreemding van Ongeregistreerde Erf 1400 Darling (gedeelte van Restant van Erf 551 Darling), ongeveer 2520m² groot, geleë in Fabriekstraat aan die Darling Trust (registrasie nr. IT2598/2003) teen 'n gesubsidieerde koopprys van R37 800,00 [bereken as R378 000,00 (markwaarde) X 10% (gesubsidieerde tarief)] (BTW uitgesluit), onderworpe aan die standaard verkoopsvoorwaardes asook die volgende verdere voorwaardes:
 - (i) Dat die eiendom slegs aangewend kan word vir opvoedkundige doeleindes en vir geen ander doel;
 - (ii) Dat 'n 2 meter wye diensteserwituut teen die titel geregistreer word vir die 110mmØ hoofriool pyplyn wat Erf 1400 Darling kruis;
 - (iii) Dat geen konstruksie toegelaat sal word in die serwituutarea nie en die Munisipaliteit 24-uur toegang verleen word vir onderhouds- en/of opgraderingswerke;
 - (iv) Dat die verkryging van grondgebruiks-/ontwikkelingsregte deur en op koste van die koper onderneem sal word, met inagneming dat alle ander kostes wat verband hou met die oordrag van die eiendom vir die koper se rekening sal wees;
 - (v) Dat die padreserwe wat aangewend gaan word as 'n toegangspad van en na die perseel, in 'n grondpad omskep word deur en op koste van die koper, en die pad ook deur die koper onderhou sal word;
 - (vi) Dat die elektriese dienste beskikbaar is vanaf die naaste distribusiekiosk na Erf 1400 Darling; en
 - (vii)/...

8.13(b)/...

- (vii) Dat die voorgestelde transaksie geadverteer word in die pers vir publieke insette en/of moontlike besware en dat die Uitvoerende Burgermeester (in konsultasie met sy komitee) magtiging sal hê om met enige moontlike besware te handel;
- (c) Dat die volgende redes genotuleer word vir die uit-die-hand vervreemding soos voormeld, sonder om 'n openbare mededingingsproses te deurloop, met verwysing na paragrawe 13.1.1 en 13.1.3 van die Munisipale Bate Oordrag Beleid:
 - (i) Die Darling Trust as nie-winsgewende instelling met die suksesvolle bedryf sedert 2010 van die kindersorgfasiliteite op erf 1399 Darling histories en afdoende bewys het dat die instelling oor die vermoë en kapasiteit beskik om die eiendom wat verkoop staan te word met sukses te kan ontwikkel en volhoubaar te kan bedryf;
 - (ii) Die beskikbaarstelling van grond op hierdie wyse 'n prioriteitsbehoefte (aan kindersorg en opvoeding) in die gemeenskap sal bevredig, en die Raad as sulks beslag gee aan sy grondwetlike oogmerk om sosiale ontwikkeling en sosiale welsyn te bevorder;
- (d) Dat 'n terugvalklousule teen die titel van die eiendom geregistreer word vir die eiendom om terug te val na die Munisipaliteit sonder kostes en vry van enige eise, indien die koper sou wil verkoop, of versuim om die eiendom of 'n gedeelte daarvan te gebruik vir doeleindes van 'n ECD en verwante aktiwiteite, of sou versuim om die eiendom binne 'n redelike tyd te ontwikkel.

**GETEKEN:
SPEAKER**